# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

1 Maart 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie Welkom by vanoggend se Erediens
## #2de Sondag in Lydenstyd

Kom reis saam hierdie Lydenstyd @ Hoogland

Mag jy sommer tuis voel in die Hoogland Geloofsfamilie – Hoogland is 'n gemeente met warm harte wat omgee vir mekaar en vir elke besoeker. Die leraar(s) sien ook daarna uit om jou te ontmoet; kom maak asseblief kennis ná afloop van die erediens by die Gemeentedienste-dame in die Voorportaal (die tafel by die Hoofingang).

Besoek ook Hoogland se webblad www.pehoogland.co.za of kontak Annalize in die kerkkantoor sodat ons kan kennis maak.
Neem asseblief 'n "Nuwe Intrekkers"-koevert uit die brosjurevakkies.

## Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel

Vanoggend is die Hoogland Geloofsfamilie getuies by die Doop van klein **Jacques Morgan**, seuntjie van Jacques & Vicky

10:00 GVG Groepe in hulle onderskeie lokale

*Deurkollekte: PE Noord gemeente*

*(...ondersteun graag hierdie gemeente wat gedruk gaan onder swaar omstandighede)*

## Algemeen

### Program vir die week:

**Maandag: 2 Maart**

18:00 Fondsinsamelingskomitee dink-skrum

**Dinsdag: 3 Maart**

11:00 Gebedsaksie & Bybelstudie

**Woensdag: 4 Maart**

08:45 B/fontein Bybelstudie

10:00 Gemeente Bybelstudie

18:30 WOW

**Donderdag: 5 Maart**

18:00 Doopkursus

**Vrydag: 6 Maart**

**Wêreldbiddag vir Mans**

05:15 Mannebediening

**Saterdag: 7 Maart**

**Wêreldbiddag vir Vroue**

### Fondsinsamelings-komitee

As jy enige interessante idees het, baie energie het en 'n passie het om dinge te laat gebeur - is jy steeds so welkom om saam met die Fondsinsamelings komitee te kom gesels.

Hoogland het JOU daar nodig.

Kom dink, bid en gesels lekker saam by 2 Maart se koffietafelgesprek om 18:00.

### Divorce Care @ Hoogland

DAGBOEK DIE DATUM : 21 APRIL 2026

Indien jy tans die seer pad van egskeiding stap of reeds gestap het, kom kuier lekker saam en word gesond...

Stuur gerus 'n *WhatsApp* boodskap vir Aletheia Botha (060 839 5197) as jy meer inligting benodig.

Snap here to pay

SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland

ABSA

Rek - 1400 149 980

Takkode - 632005

Zapper

### Dankoffers:

Jou dankoffer help om geloof te leef, liefde te wys en hoop te bring.

# Alles in die lewe draai om KEUSES...

Alle GVG Ouers kom luister hoe 'n kenner
**- Wilene Wiggill 'n arbeidsterapeut -**
ouers toerus om kinders te help
**KEUSES**
maak in die lewe.

**Sondag, 1 Maart om 10:00**
(in GVG tyd terwyl jy vir jou kind wag)

Kry gerus vir jou koffie na die erediens en kom gesels saam in die kerkgebou

Keuses kan oorweldigend wees. Die gemiddelde volwassene maak ongeveer 35 000 keuses per dag en afhangend van die ouderdom, maak kinders tussen 3 000 - 15 000 keuses per dag.
Kry gerus vinnig koffie en kies om te kom leer en luister saam.

ALMAL is baie welkom om na afloop van die oggenddiens na 'n sinvolle gesprek rondom die maak van Keuses saam Wilene Wiggill (plaaslike arbeidsterapeut) te luister.




Wêreldbiddag beloof om 'n besonderse getuienis-aand te wees.
Bespreek asseblief by Annalize in Hoogland se kerkkantoor of kontak direk vir Sherwood gemeente se kerkkantoor.

# Uit die hart ... VERDIEP - ’n reis saam met Jesus

*“Thoughts become words, words become deeds, deeds become habits, habits become character, and character becomes destiny.” — Tryon Edwards*

Hierdie eenvoudige aanhaling beskryf iets wat ons almal intuïtief weet: verandering gebeur selde in een dramatiese oomblik. Dit begin klein. Dit begin in die denke. Dit beweeg na woorde, na dade, na gewoontes. Oor tyd vorm dit wie ons word.

Ons dink maklik verandering moet groot wees om betekenisvol te wees: ’n groot besluit wat ek neem; dramatiese ommekeer of ’n nuwe begin. Die waarheid is egter dat die meeste van ons lewens nie deur dramatiese oomblikke gevorm word nie. Dit word gevorm oor tyd, deur die herhalende keuses van gewone dae.

Dit lei ook daartoe dat ons verandering vir ons moeilik voel, want ons wil die eindresultaat sien sonder om deur die proses te gaan. Ons wil die nuwe karakter hê sonder die klein, getroue gewoontes wat dit oor tyd vorm. En tog is dit juis in daardie klein, daaglikse momente waar God werk.

Wanneer ons hierdie Sondag in Lydenstyd met die tema VERDIEP: Verander werk, gaan dit nie oor ’n selfverbeteringsprojek nie. Dit gaan oor ’n lewe wat stadig gevorm word deur Christus Jesus se teenwoordigheid in en deur my.

Verandering in die koninkryk van God is selde enkele groot oomblikke. Dit is eerder soos water wat oor tyd ’n rots vorm, so vorm die Gees ons deur klein, herhaalde keuses wat ons al meer soos Christus maak - in gewone dae.

Miskien hoef ons hierdie week nie te vra wat alles in ons lewe moet verander nie. Ons gaan oorweldig voel. Dalk is dit beter om te vra: watter een klein keuse kan ek vandag maak wat my denke, my woorde en my dade nader bring aan die hart van Jesus?

Oor tyd word sulke keuses gewoontes. Gewoontes word karakter. En karakter word ’n lewe wat geloof deur liefde tot dade leef.

**Pieter**

# Wyn op Woensdae

*... saam opsoek na geleefde wysheid*

18:30 – 20:00 | Hoogland Jeuglokaal

4 Maart – **Mindful oor Myself**

11 Maart – **Mindful oor Ander**

18 Maart – **Mindful oor wat my vorm**

25 Maart – **Mindful oor God**

**BESPREEK: 079 815 9325**

WhatsApp jou naam en hoeveel persone



**BESPREEK: 079 815 9325**

WhatsApp jou naam en hoeveel persone

Bespreek en betaal gerus by Leandra in die Kerkkantoor!
(leandra@pehoogland.co.za / *WhatsApp* 079 815 9325)



# Hoogland Gemeentekamp

## 20 - 22 Maart 2026
## @ INNIKLOOF (naby Hankey)

**Kampkostes**
**SLEGS KAMPEER plekke beskikbaar:**
R150 pppn / volw
R85 pppn kinders
0/5 jaar kamp gratis
**Gesels gerus met Leandra om te hoor of daar 'n huisie beskikbaar is.**

Bespreek by Leandra of stuur 'n WhatsApp na 079 815 9325